


5 MEI 2019



'n saam-glo dissipelskap gesprek

3iG

nouts
praktiese wysheid...

saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is en bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

"²³Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Verlede keer het ons al daarop gewys dat die boek Handeling eintlik die verhaal van die vernuwende, lewensveranderende en soms ontwrigtende werksaamheid van die Heilige Gees is. Daar is slegs een hoofkarakter in die boek Handeling se verhaal. Dis God, die Heilige Gees. Die opvallende en verrassende van die boek Handeling is dat dit berig oor die volgelinge van Jesus, wat selde of ooit gaan na waar hulleself graag sou wou gaan en selde mense tegemoetgaan wat hulle uit hulleself en volgens hulle sisteem van voorkeure mee sou wou kontak maak. Die Gees beur teen en dring deur bestaande mensgemaakte grense en vooroordele heen. Die Gees lei die Jesus-vogelinge na diegene wat hulle eerder sou wou vermy. Dit is juis hierdie grensdeurbreking en grensoorskryding wat uniek en kenmerkend is van die werksaamheid van die Heilige Gees. Lees nou teen hierdie agtergrond die "roepingsverhaal" van Saulus in Handeling 9:1-19 'n paar keer aandagtig deur.

saam gesels

Jesus verag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Gesels met mekaar of hierdie verhaal 'n bekeringsverhaal of 'n roepingsverhaal is of dalk albei. Motiveer julle antwoord. Dink terselfdertyd na oor julle eie roeping en hoe dit met julle bekering in verbandgebring kan word.

2. Iemand het hierdie gebeure op die Damaskuspad in Saulus se lewe as "n ont-

moeting met die Genadige" beskryf. Onderweg na Damaskus het Saulus vir die eerste keer in sy lewe geleer wat die evangelie van genade behels. Hierdie gebeure het Saulus, later Paulus, se lewe eens en vir altyd onherroeplik verander – hierdie ontmoeting met die genadige God. Vir die res van sy lewe sou hierdie genade van God Saulus telkemale oorweldig en die omvang en grootsheid daarvan hom tot dankbare lof en aanbidding beweeg. Lees veral 1 Kor. 15:10 en ook Gal. 1:15 hieroor. Bespreek dan onder mekaar die grootsheid van God se onbeskryflike genade in julle lewe en of dit steeds tot vandag toe 'n blywende indruk op julle as Jesus-vogelinge maak.

3. "Intussen" is die eerste woord in Hand. 9. 'n Veelseggende woord: terwyl die opstanding van Jesus reeds plaasgevind het, is Saulus steeds besig om onderweg na Damaskus die aanhangers van die Weg te vang – 'n ironiese woordspel! Dan "skielik" (Lukas gebruik die woord "egeneto") het 'n lig uit die hemel hom omstraal - breek God in die alledaagse verloop van gebeure in. Gesels oor soortgelyke "skielike" ervarings wat julle al gehad het en die impak van die Here se ingrype op julle lewe.

4. Hier lees ons van 'n tweede bekerina: Ananias s'n. Verduidelik dit uit Hand. 9.

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Maak dissipels:** Dit behels die proses om mekaar toe te rus, op te lei en te bemoedig in die navolging van Jesus. Dit hou in dat ons met mekaar op reis sal gaan en mekaar help om te groei in die verstaan van wie Jesus is vir wie ons navolg. Lees hieroor in 2 Thess. 2:15; Matt 28:19; Joh. 15:15.

Doen-dinge:

1. Probeer 'n prentjie vorm van jou navolging van Jesus oor al die jare deur 'n lewenslyn te trek en dit in te deel in segmente van sewe jaar en skryf dan neer wat in elke tydperk die grootste invloed op jou navolging van Jesus gehad het.
2. Skryf die name neer van almal wat in jou navolging van Jesus 'n invloed gehad het.
3. Skryf nou die name neer van die persone vir wie jy jouself moet gee sodat hulle ook in hul navolging van Jesus kan groei.

Dink-dinge:

1. Hoe weerspieël jy die lewe van Jesus in jou optrede teenoor jou kinders by die huis? Wat sou jy wou hê hulle van Jesus moet leer raaksien in jou lewe?
2. Praat met die Here oor jou begeertes en vrese op die pad van navolging agter Jesus aan.
3. Waartoe, dink jy, wil die Here jou lei?

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.